# VOORWOORD DEUR DIE HOOFBEAMPTE



'n Hartlike welkom aan al ons lede by ons eerste nuusbrief vir 2023!

Aftreekenners se aanbeveling is gewoonlik om so veel as moontlik gedurende jou werksjare te spaar om gemaklik te kan aftree. Ons besef egter dat Suid-Afrika se ekonomiese uitdagings (en dan nog beurtkrag op die koop toe!) dit moeilik maak om vir aftrede te spaar. Jy kan jouself elke maand wat jy geld opsy gesit het op die rug klop in die wete dat jy nog 'n tree na 'n beter toekoms geneem het.

Op daardie noot: Jy wonder dalk soms of 'n langtermynbelegging, soos jou aftreespaargeld, enige voordeel inhou in moeilike ekonomiese omstandighede. Die goeie nuus is dat 'n belegging vir die toekoms jou 'n beter kans bied om munt te slaan uit algehele markaanwas. Ons moedig jou dus aan om jou aftreedoelwitte voor oë te hou ten spyte van die moeilike ekonomiese omstandighede. Die versoeking is dalk groot om jou spaargeld vóór aftrede te laat uitbetaal, maar selfs 'n klein uitbetaling kan jou toekomstige finansiële welstand 'n ernstige knou toedien en ernstige belastingimplikasies tot gevolg hê. Daarenteen bring elke klein bydrae wat jy tot jou spaarplan maak – en daarin los – jou nader aan 'n gemaklike aftrede.

**In hierdie uitgawe deel ons graag die volgende met jou:**

- Opsies vir die bestuur van jou aftreespaargeld in die geval van werkverlies of bedanking;
- Inligting oor belastingimplikasies wanneer jy die SuperFund verlaat;
- Dieper insig in vervroegde eise op die sterftevoordeel; en
- 'n Herinnering aan ons 24/7-WhatsApp-diens om jou aftreespaarbedrag te besigtig.

SuperFund is daar om jou met elke fase van jou aftreereis by te staan, vanaf jou spaarplan terwyl jy nog werk tot jou besluite by aftrede.

**Lekker lees en bly asseblief veilig!**
Fiona Reynolds
Hoofbeampte: Old Mutual SuperFund

## WAT WORD VAN MY AFTREESPAARGELD IN SUPERFUND INDIEN EK BEDANK, AFGELÊ WORD, OF DEUR MY WERKGEWER AFGEDANK WORD?

**Jy het 'n paar opsies:**
**Opsie 1:** Bly 'n SuperFund-lid: Behou jou aftreespaargeld in die SuperFund-bewaringsfonds.
**Opsie 2:** Skuif al jou aftreespaargeld na 'n ander fonds, soos 'n aftreeannuiteitfonds, bewaringsfonds of jou nuwe werkgewer se fonds.
**Opsie 3:** Onttrek al jou aftreespaargeld of 'n gedeelte daarvan in kontant (en dra die balans, indien van toepassing, oor na 'n ander aftreefonds).

**Enige kontant wat jy onttrek, kan belas word. SuperFund beveel aan dat jy jou aftreespaargeld, indien moontlik, belê eerder as om dit in kontant te laat uitbetaal. Onttrekkings kan 'n ernstige invloed hê op jou vooruitsigte om eendag 'n gemaklike aftrede te geniet.*

Kontak 'n SuperFund-aftreevoordeleadviseur by 021 503 0069 vir gratis advies oor die beskikbare opsies en hulp om 'n besluit te neem.

**Watter belasting sal ek betaal indien ek my spaargeld van SuperFund onttrek?**
Die belasting wat jy betaal sal afhang van die rede hoekom jy jou werkplek verlaat het:

**Rede hoekom jy jou werk verlaat het**

| Bedank of afgedank | | Afgetree, afgelê, of gesterf | |
|---|---|---|---|
| Voordeelbedrag | Belastingkoers | Voordeelbedrag | Belastingkoers |
| R0 - R27 500 | 0% | R0 - R550 000 | 0% |
| R27 501 - R726 000 | 18% van belasbare inkomste bo R27 500 | R550 001 - R770 000 | 18% van belasbare inkomste bo R550 000 |
| R726 001 - R1 089 000 | R125 730 + 27% van belasbare inkomste bo R726 000 | R770 001 - R1 155 000 | R39 600 + 27% van belasbare inkomste bo R770 000 |
| R1 089 000 en hoër | R223 740 + 36% van belasbare inkomste bo R1 089 000 | R1 155 001 en hoër | R143 550 + 36% van belasbare inkomste bo R1 155 000 |

*N.B. Jy het net een belastingvrye onttrekking van die eerste R27 500 tot jou beskikking in jou leeftyd. Die volgende keer wat jy geld onttrek, sal jy ten volle belas word.*

Elke kontantonttrekking uit jou aftreefonds word opgetel, dus sal die belasting wat jy elke keer daarop moet betaal waarskynlik toeneem. Boonop sal onttrekkings wat jy nou maak jou totale belastingvrye bedrag met aftrede verminder.

## IS JY BEWUS VAN DIE OPSIE VAN VERVROEGDE EISE OP DIE STERFTEVOORDEEL?

Wanneer 'n SuperFund-lid sterf, mag hul afhanklikes en/of benoemde begunstigdes 'n bedrag geld, bekend as die "doodsvoordeel", ontvang om finansiële ondersteuning te bied. Die SuperFund-beheerraad (trustees) besluit oor die verdeling van die sterftevoordeel. Hierdie proses kan tot so lank as 12 maande neem vanaf die lid se dood, aangesien die wet vereis dat baie stappe gevolg moet word. Dit bied ook genoeg tyd vir moontlike ongeïdentifiseerde begunstigdes om na vore te kom.


SuperFund kan, in sekere gevalle, vervroegde voordeeluitbetalings goedkeur om finansiële verligting aan jou finansiële afhanklikes te bied. Indien jy sou sterf, sal jou werkgewer jou finansiële afhanklikes oor hierdie opsie inlig.

Vervroegde voordeeluitbetalings kan toegestaan word aan:

- 'n Gade of lewensmaat, vir hom-/haarself, of namens sy/haar minderjarige kind/ers saam met die lid.
- 'n Ouer, voog of versorger van 'n minderjarige kind/ers van die lid.
- Ander afhanklikes wat finansieel deur die afgestorwene onderhou is en aan wie 'n deel van die sterftevoordeel in alle waarskynlikheid toegeken sal word.

## SUPERFUND ON DIGITAAL

Het jy geweet? SuperFund bied 'n gerieflike en veilige selfdiensopsie deur middel van WhatsApp en Secure Services. Jy kan jou aftreebedrag nou enige tyd (24/7) op hierdie platforms volg.



Kliek hier vir 'n gids wat verduidelik hoe om vir Secure Services te registreer.

Skandeer die QR-kode. Stoor 0860 933 333 onder jou kontakte. Tik "Retire" op WhatsApp en stuur dit. Kies dan die taak om uit te voer.




- Volg jou aftreespaargeld-saldo
- Kry toegang tot jou state
- Monitor die vordering op jou aftreespaargeld-eise
- Kry toegang tot leersame inhoud vir lede

en veel meer

Ons gebruik jou selfoon- en ID-nommer wat ons op rekord het. Kontak ons by 0860 20 30 40, of stuur 'n e-pos na superfund@oldmutual.com om seker te maak dat jou besonderhede korrek is.

SuperFund het ook 'n SMS-kennisgewingsdiens wat lede van inligting oor bywerkings aan hul volle kontantonttrekking of aftree-eisstatus voorsien. Ons wil jou ten volle op hoogte hou terwyl jy wag.

## IS AL JOU INLIGTING OP DATUM?

Jou kontakinligting is belangrik vir ons om te verseker dat ons jou kan bereik met waardevolle inligting wat jou en jou aftreespaargeld betref.

**Hoe kan ek my inligting bywerk?**

01 Jy kan jou besonderhede met behulp van jou werkgewer bywerk.

02 Jy kan ook ons klantedienssentrum by 0860 20 30 40 kontak. Ons ervare SuperFund-agente sal jou graag bystaan met die bywerk van jou besonderhede.

SuperFund onderneem om jou kontakinligting veilig te bewaar en slegs te gebruik vir sake wat regstreeks met jou spaarplan te make het. Ons sal nooit jou inligting verkoop nie, en jy kan altyd volledige deursigtigheid van ons te wagte wees.

## HAVE YOU MISSED ANY OF OUR RECENT COMMUNICATIONS? READ THEM IN YOUR PREFERRED LANGUAGE BELOW.

S13A – Word jou aftreebydraes betyds betaal?: English | IsiXhosa | IsiZulu | Sesotho | Sepedi | Afrikaans

'n Verduideliking van u sterftevoordeel: English | IsiXhosa | IsiZulu | Sesotho | Sepedi | Afrikaans

Tweepotstelse Vol. 1: English | IsiXhosa | IsiZulu | Sesotho | Sepedi | Afrikaans

Klik op die skakels hieronder vir 'n afskrif van die Opsomming van Reëlwysigings vir Old Mutual SuperFund vir die jare geëindig op 30 Junie 2020, 2021 en 2022.
2020 | 2021 | 2022

**Jy kan toegang tot jou profiel en ander dienste kry deur middel van een van ons digitale oplossings**

Secure Services | WhatsApp 0860 933 333 | 0860 20 30 40 | superfund@oldmutual.com

Old Mutual App | GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.